BYBELSTUDIE HEBREËRS 13:18-25.

A. OPSOMMING.
VERS 18-19.
Die skrywer beweeg na homself. Die *ons* in vers 18 is die bekende outeursmeervoud en beteken dat dit hier nie om meer as een persoon gaan nie [vgl.5:11; 6:9,11]. Net soos Paulus het die skrywer sy medegelowiges se gebede nodig [vgl. Rom.15:30-31; 1Tess.5:25; Ef.6:19-20]. Hy vra spesifiek om voorbidding sodat hy na hulle toe kan terugkom [19].
Die *want* in vers 18 skep die indruk dat die gemeente vir die skrywer moet bid *omdat* hy 'n skoon gewete het. Dit skep natuurlik die indruk van die verdiensteteologie. Die woordjie *want* kan beter vertaal word met *inderdaad* of *regtig*. Dan verander die sin na: *Ek is inderdaad daarvan oortuig dat my gewete skoon is voor God....* Op die manier wil hy nie motiveer waarom die gemeente vir hom moet bid nie. Hy wil hulle net verseker van die suiwerheid van sy lewe.
VERS 20-21.
In hierdie vers doen die skrywer vir die gemeente voorbidding. In vers 18 het hy vir hulle gevra om vir hom te bid. Nou bid hy vir hulle.
In vers 20 word Jesus die eerste en enigste keer in Hebreërs die *Groot Herder* van sy kudde genoem. Met die herdersbeeld sê hy dat Jesus Christus hulle voortdurend sal versorg en begelei. Vers 20 is eintlik deel van die skrywer se gebed. In die Grieks maak vers 20-21 een lang sin van 53 woorde uit. Om dit vir ons verstaanbaar te maak, het die Afrikaanse Vertaling dit in vier sinne opgedeel. Dit het ongelukkig beteken dat die fokus van die gebed verlore geraak het. Wat is die fokus van die gebed? Dat God die gemeente sal toerus met alles wat goed is, sodat hulle sy wil kan doen [21].
Maar hoe rus God ons toe? Hy doen dit deur Jesus Christus wat in ons tot stand bring wat vir Hom aanneemlik is.

Afsluiting: 22-25.
VERS 22.
As laaste wens versoek die skrywer sy lesers om die woord van vermaning – wat in hierdie brief aan hulle gestuur is – aan te neem en te verdra. Hulle moet dit geduldig aanvaar en nie opstandig daarteen word nie. Daarom spreek hy hulle aan as *broers*.
Die gedagte in vers 22 is nie dat Hebreërs 'n kort briefie is nie. Die woorde *kortliks aan julle geskrywe* wil maar net sê dat sy brief in vergelyking met wat hy kon sê – maar kort is.
VERS 23.
Hier word oor die vrylating van Timoteus gepraat. Ons weet nie van 'n gevangenskap van Timoteus nie. Só 'n gevangenskap moes plaasgevind het ná sy tweede brief en na die dood van Paulus. Dit blyk uit hierdie vers dat die skrywer van Hebreërs naby Timoteus was, en dat hy en Timoteus altwee ver van die lesers van die brief verwyder was. Sodra *hy spoedig kom* sal die skrywer sy lesers saam met hom besoek.

VERS 24.
Om groete aan die einde te stuur was heel gebruiklik [vgl.Rom.16:3-16, 21-23; 1Pet.5:13-14; 2Joh.13].
Die wat van Italië afkomstig is, was waarskynlik Christenbroers en –susters wat voorheen in Rome was, maar hulle nou, saam met die skrywer, elders bevind.
VERS 25.
Met die genadegroet, wat tegelyk ook 'n seënbede is, neem die skrywer afskeid van hierdie gemeente.

B. VRAE.

1. Waarvoor moet die gemeente bid en vir wie?

2. Lees vers 20. Wat is die opvallende wat Christus betref in hierdie vers en wat beteken dit vir ons?

3. In die oorspronklike taal is vers 20 en 21 'n gebed. Konsentreer op vers 21 en kyk of u die kern van die gebed kan opsom.

4. Met die genadegroet neem die skrywer ‘afskeid’ van die gemeente. Dieselfde gebeur aan die einde van 'n erediens wanneer ons die seëngroet van die Here ontvang. Wat is die betekenis van die seëngroet?

C. ANTWOORD.

1. Die *ons* in vers 18 is die bekende outeursmeervoud en beteken dat dit hier nie om meer as een persoon gaan nie [vgl.5:11; 6:9,11]. Dit gaan om die skrywer self. Die gemeente moet bid dat God die skrywer gou na hulle toe sal stuur [19].
2. In vers 20 word Jesus die eerste en enigste keer in Hebreërs die *Groot Herder* van sy kudde genoem. Met die herdersbeeld sê hy dat Jesus Christus hulle voortdurend sal versorg en begelei.
3. Vers 20 is eintlik deel van die skrywer se gebed. In die Grieks maak vers 20-21 een lang sin van 53 woorde uit. Om dit vir ons verstaanbaar te maak, het die Afrikaanse Vertaling dit in vier sinne opgedeel. Dit het ongelukkig beteken dat die fokus van die gebed verlore geraak het. Wat is die fokus van die gebed? Dat God die gemeente sal toerus met alles wat goed is, sodat hulle sy wil kan doen [21].
   Maar hoe rus God ons toe? Hy doen dit deur Jesus Christus wat in ons tot stand bring wat vir Hom aanneemlik is.
4. Die seën dui nie net bloot die slot van 'n samekoms aan nie. Die gemeente word deur die seën weggestuur om 'n nuwe tydperk van genade onder die seënende hand van die Here binne te gaan. Deur hierdie seën eindig die erediens nie, maar word die gemeente weggestuur om die erediens in hulle huise en werkplekke voort te sit.

****